Sondag, 29 Augustus 2021
BYBELSONDAG

‘n Woord is aan ons geskenk, wat ons uitnooi tot méér as lees:
Luister, en jou siel sal lewe.

“’n Woord van die Here was seldsaam in daardie dae; geen visioene het voorgekom nie. ... Die Here het gekom en gaan staan, en geroep: ‘Samuel! Samuel!’ Samuel het geantwoord: ‘Spreek, want u dienskneg luister.’ ... Samuel het grootgeword. Die Here was met hom en het nie een van sy woorde onvervuld gelaat nie. … Die Here het weer in Silo verskyn; ja, die Here het Hom in Silo deur sy woord aan Samuel geopenbaar.”
(1 Samuel 3:1, 10, 19 en 21)

Die figuur van Samuel en die verhale rondom hom (1 Samuel 1 tot 8), vorm ‘n oorgang tussen die Rigterstyd en ‘n nuwe era in die geskiedenis van die volk Israel. Waar die boek Rigters geëindig het met die byna moedelose woorde – *“In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie, elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë”* (21:25) – verdiep dit nog verder: *“’n Woord van die Here was seldsaam in daardie dae”* (1 Sam. 3:1). En dan tóg, aan die einde van daardie hoofstuk in die vertelling, hoor ons dat iets verander het: *“... die Here het Hom in Silo deur sy woord aan Samuel geopenbaar.”* Hier het ‘n verandering gekom, ‘n oorgang is gemaak: Die woorde van God is weer gehoor...

Hoe gebeur dit?

Vandag is Bybelsondag 2021, en ons gedenk met groot dankbaarheid die voorreg om ‘n nuwe vertaling van die Bybel in die hand te mag hou, uit die brontale gedoen en in pragtige Afrikaans oorgesit, sodat ons die oorspronklike betekenis van die boodskap direk, beeldryk, inspirerend mag lees. God se Woord in mensetaal op skrif, deur die eeue na ons toe aangegee. Help dit ons? Help dit die wêreld waarin ons leef? Maak dit – in die taal van ons teksgedeelte – regtig ‘n verskil; dat die skaarste van God se goeie nuus, verander? Of het ons in al ons lees daarvan so gewoond geraak dat ons ná stiltetyd, ná kerk die Bybel toemaak, neersit en met ons lewens aangaan en maar “doen wat reg is in ons eie oë”? Dat die woorde van God eintlik kragteloos geword het?

Die gebeure van daardie nag in die heiligdom, toe die Roepstem na Samuel gekom het en hy deur Eli gehelp is om te antwoord “Spreek, Here”, het nie net sy eie lewe verander nie, maar ook dié van Israel. Miskien moet ons leer om nie net die Bybel te lees, asof dit ‘n verstandelike oefening is, so alledaags nie, maar om weer “ja” te sê en ons ore oop te hou om die Woord van God te hoor, te luister en regtig te gaan leef...

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout, en die gesinsdiens in die saal, deur ds. Johan Marais.
Die diens is vooraf opgeneem en word via ons weblad, op Facebook en op Berg-en-Dal se You Tube kanaal na alle lidmate wat nie in die kerk kan wees nie, uitgestuur.

LITURGIE

Wydingsmoment: "Stuur nou u lig" (Lied 272, twee keer)

Aansteek van Wydingskers: Oom Charl Marais

Votum en Geloofsbelydenis: Apostolicum

Seëngroet

Loflied: "Prys uit die hemele die Heer" (Psalm 148:1, 5, 7 en 9)

Epiklesegebed

Skriflesing: 1 Samuel 3:1-21

Gebedslied: "Maak oop u woord, laat dit my voorlig" (Psalm 119:26)

Kinderverhaal (in video-opname)

Gebedslied: "Spreek Heer" (Lied 254, twee keer)

Oordenking

Toewyding: "Sonder u woord, Heer, is ek raadop" (Psalm 119:27)

Dankgebed

Slotlied: "Vreugdevolle tyding" (Lied 258:1 en 3)

Seënbede

Orrelnaspel

Met dank ook aan ons digitale span wat die uitsending moontlik maak: dr. Johan Cromhout, Martie Laas (blomme), Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg en Rita van Zyl.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (Fonds vir Bybelgenootskap SA).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

Ander Eredienste:

Sondag, 29 Augustus	15:00 – teol.std.Steve Bopane (Sothodies) 18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé)
Sondag, 5 September	09:30 – dr.Stephan v/d Watt (Missie Japan); gesinsdiens in die saal ds. Jan Lubbe. 15:00 – teol.std.Steve Bopane (Sothodiens) 18:00 – ds. Johan Marais (Pastorale gesprek en Kerkraads-vergadering ná die diens).

Ons kan tans 50 lidmate per erediens terug ontvang soos hierbó uiteengesit. Tot tyd en wyl daar 'n verandering in die inperkingsmaatreëls kom, nooi ons elke week die ander helfte van die gemeente na die erediens in die kerk (5 September: Wyke 1, 4-7 en 16 – 20, oos en noord van die kerkgebou). Gesinne met kleiner kinders is welkom in die kerksaal. Ons gee reëlings ook per sms deur; bly dus so op hoogte. Kom gesond, onthou jou masker en handhaaf veilige afstand.

Volgende Sondag, 5/9, is daar 'n spesiale kollekte vir Missie Japan.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week <u>verjaar</u>:

29 Aug	Trudie Roode en Rolien Wentzel.
30 Aug	Nina Bloem.
31 Aug	Jan Vorster.
01 Sep	Neels de Leeuw, Anita Swart, Hannes Vorster, Maudéne de Jager en Charné Weyers.
02 Sep	Charl Marais, Annelien Diedericks, Paula Berry, Conna Lups, Bennie Roets en André Botha.
03 Sep	Ian Coetzee.
04 Sep	Eddie Schutte, Michael v Wyk, Letitia Coetzee, Jan Lubbe, Anke en Lizri Weyers.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat <u>siek</u> is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Joos Hefer (SeweDamme 39, wyk 8b); Brink en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b). Ons dink aan almal wat ly onder Covid-19, wat herstel; ons dink aan onderwysers en dosente; aan dokters en verpleegpersoneel. Mag die Here jul moed laat hou!

Ons <u>meegevoel</u> gaan aan Tannie Elma Cilliers en Oom Johan (C'est la Vie 4, wyk 16), by die heengaan van haar broer – ons bid vir troos, sterkte. Die gedenkdiens van Koos van Vuuren is komende Vrydag, 3 September om 11:00 hier in die kerkgebou; in ons gedagtes en bede is Liz en hul familie steeds. Ook vir júlle, troos.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n <u>Mannegebedsgroep</u> tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.

<u>Sondagoggend 08:30</u> is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal en die Woordverkondiging Wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die Psalms; *"Voor die aangesig van God..."* 'n Kort video, werksbladsy en stemboodskap met inligting word Woensdag-aande per w/a na jou gestuur. Kontak ds. Jan by 082 784 9362 om in te skakel.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep werk ook aanlyn, oor die tema *Wanneer God beeldryk oor sy kerk praat...* Kontak gerus vir ds. Johan (084 517 8052).

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: In September sorg **Wyk 9** (Blok wes van Hoërskool Sentraal) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680) of die kantoor. **Baie dankie aan Wyke 7 en 8 vir jul bediening gedurende Augustus.**

Kantoorure:
Maandae, Woensdae en Donderdae (08:30-12:30) Rita van Zyl
Dinsdae en Vrydae (09:00-13:00) Adri v/d Berg
Alle personeel is ook per foon of epos bereikbaar.

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Ons is tans besig om toestemming van alle lidmate te verkry vir die versameling, uitsluitlike gebruik en bewaring van u basiese persoonlike inligting. Daar is vorms in die kerkkantoor beskikbaar wat u net kan kom onderteken, of u kan dit ook elektronies doen – die vorm word na u foon versend. Baie dankie vir almal se samewerking hiermee!

Kerkraadsvergadering: Sondagaand, 5 September om 18:00

BEDIENINGE

Gemeentebediening:
Berg-en-Dal se Kermispadkafee!
Ons nooi jul almal uit: Kom ry op Vrydagoggend en -middag, 17 September by Berg-en-Dal se padkafee in, laai jou bestelling op en vier saam aan ons gemeente se 65ste verjaarsdag! Bestel vooraf 'n heerlike middagete en/of kerrie-en-rys, pannekoek, poeding, vars wors en maalvleis, of 'n "Lucky Packet vir die Kids"! Bestellings vanaf Woensdag, 1 September; ons stuur die "spyskaart" (bestelvorm) na jou... Of, jy kan ook daardie Vrydag inry en by ons Koffiehuis kom aansit vir koek en soetgoed... Of verby die Wit Olifant-tafel stap, betaal, inlaai en ry... So, hier is die uitnodiging en 'n vorm waarop jy jou bydrae kan afmerk, vandag in die *Fokus*; ons het almal se hulp nodig!

NUUS VAN ELDERS

Te Huur: Groot eenslaapkamer-huis in Sewe Damme te huur; sit/eetkamer, sonkamer, badkamer, gastetoilet en motorhuis vanaf 1 Oktober. Skakel: 082 296 2566.

"Laat almal wat by U skuil, bly wees; sprei u beskerming oor hul uit" (Ps. 5:12).